

Saterdag 30 April

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 13

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 13:13

Leef elke dag met die seën van die Drie-enige God

Paulus skryf sy briewe aan die Korintiërs om hulle te bemoedig, maar om hulle ook oor verskeie sake te vermaan. Hy sluit sy tweede brief af met 'n seëngroet wat nie in een van sy ander briewe gevind word nie. Hy groet en seën die Korintiërs en elke gelowige wat vandag die Woord lees, in die Naam van die Drie-enige God.

Die genade van die Here Jesus Christus

Deur die drie name van ons Verlosser te noem, word ons geseën met die volle omvang van die werk van die volmaakte Middelaar tussen die sondige mens en God.

Die Here, die Koning, regeer oor ons lewe en oor alles in die wêreld. Jesus die Verlosser het met sy kosbare bloed vir al ons sondes gesterf en betaal. Christus die Gesalfde van God sit aan die regterhand van die Vader in die hemel. Ons as gelowiges leef en bestaan elke dag deur die genade wat die Here Jesus Christus aan ons skenk.

Die liefde van God

Ons leef nie meer onder die straf en oordeel van God nie. God het sy Seun na die wêreld gestuur sodat ons nou elke dag uit sy liefde kan leef (Joh. 3:16). Dié liefde kan nooit weer van ons weggeneem word nie. Ons word geseën met God se liefde sodat ons die liefde elke dag teenoor mekaar kan uitleef.

Die gemeenskap van die Heilige Gees

Ons glo omdat die Heilige Gees die geloof in ons werk. Die Heilige Gees is die groot Trooster wat ons in moeilike tye bystaan. Deur die werk van die Gees leef ons as gelowiges in gemeenskap met mekaar waar ons vir mekaar omgee.

Hierdie belydenis van rus by God beteken nie dat hy uit die wêreld met sy onrus wegvlug nie. Hierdie seën van die Drie-enige God is vir almal, elke gelowige, niemand word daarvan uitgesluit nie. Leef elke dag met die troos dat ons met die seën van die Drie-enige God in die wêreld mag leef en werk.

Sing: Psalm 134-1:3

Ds. AF Berg (Fenmo) (Pongola)